

# UIT DIE SERNICK-KRAAL

Van Sernick aan jou

## Wingsgewende produksie deur doeltreffendheid

**W**anneer 'n mens na die groter prentjie kyk, moet daar teen 2030 sowat 35% meer voedsel geproduseer word om in die groeiende populasie se vraag te voldoen. Natuurlike hulpbronne is dikwels weens verskeie redes beperk en dus moet ons meer met minder produseer deur hulpbronne meer doeltreffend te gebruik.

Die tweestapdefinisie vir presisielandbou is:

- Identifiseer die natuurlike potensiaal van die hulpbron.
- Verander en pas produkte en prosesse aan om die geïdentifiseerde potensiaal optimaal te benut.

### Voerinname en groei

Voeromsetverhouding (VOV) in veeproduksie word deur die verhouding tussen voerinname en groei bepaal. Die algemene benadering is om groei, oftewel gemiddelde daaglikse toename (GDT), te dryf en opbrengs te maksimeer, wat die VOV sal verbeter. 'n Hernieuwe fokus is egter nodig om die uitwerking en belangrikheid van inname te kwantifiseer. Doeltreffende hulpbrongebruik en prysrisiko's kan hanteer word deur op voerinname, wat die kostekomponent is, te fokus.

Tabel 1 bevat die verskillende scenario's van voerinname, VOV, karkas- en speenkalfprys wanneer die GDT onveranderd bly en 'n teikenwins vasgemaak word. Dit is duidelik dat voerinname 'n beduidende invloed op

Tabel 1: Verskillende scenario's van voerinname, VOV, karkas- en speenkalfprys.

Vaste wins R/kop	Vaste GDT kg/kop/dag	Veranderlike voerinname kg/kop/dag	Veranderlike VOV kg GDT:kg inname	Winsbereiking Karkasprys R/kg	Winsbereiking Speenkalfprys R/kg
1 865	1,8	8	4,44	41,9	30,5
1 865	1,8	9	5	43,1	29,2
1 865	1,8	10	5,56	44,2	28
1 865	1,8	11	6,11	45,3	26,8
1 865	1,8	12	6,67	46,5	25,4
1 865	1,8	13	7,22	47,6	24
1 865	1,8	14	7,78	48,7	22,7
1 865	1,8	15	8,33	49,8	21,5
1 865	1,8	16	8,89	51	20
		<b>1</b>	<b>0,56</b>	<b>1,14</b>	<b>1,31</b>

die VOV het as die GDT konstant bly.

Die karkas- en speenkalfprys wat gerealiseer moet word om die teikenwins teen 'n vaste GDT te bereik, word weergegee deur verskillende voerinname en VOV-senario's. Die karkasprys moet gemiddeld R1,14/kg hoër wees vir elke 1kg toename in voerinname en 560g verswakking in VOV. Die speenkalfprys moet gemiddeld R1,31/kg laer wees. Dit is duidelik dat prysrisiko's aangespreek kan word deur diere met 'n meer doeltreffende voeromset te gebruik.

### Fase C-toetsstasie

Sernick se Fase C-toetsstasie het vanaf 1990 meer as 3 000 diere getoets en daardeur die VOV verlaag van 7:1 na 5,5:1, wat in die prysscenario die voerkraalwins met R843 verhoog. Dit is baie moeilik om swak genetiese voeromsetters se wingsgewendheid

met voerrantsoene, voertydperke en groei-stimulante te verhoog of te optimaliseer.

Hoe kan ons die diere kommersieel identifiseer? Teelbulle voltooi 'n Fase C-toets om hul VOV te bereken. Bulle met 'n goeie VOV word dan in kommersiële kudde gebruik om dié eienskap aan hul kalwers oor te dra, wat dan meer wingsgewend in die voerkraal gevoer kan word. DIMSSA se digitale rekord-houdingstelsel word deur Sernick gebruik om akkurate voerinname per kraal asook gewigstoename te meet deur die gebruik van hoë-frekwensie identifikasietoerusting. **VP**

Kontak ons gerus vir meer inligting.  
Phillip Oosthuizen:  
Hoof van Ekonomie en Navorsing  
Sel: 076 901 8763  
Epos: phillip@sernickgroup.co.za  
Webtuiste: www.sernick.co.za

As Plan A nie werk nie, het die alfabet nog 25 letters.



Die krag van optimisme

Altesaam 221 landbouers kom byeen om presisijskaapboerdery te bevorder.



Suid-Afrikaanse landbouers is uniek